

Ontmoeting 2

Dawid word gesalf as koning

In hierdie ontmoeting leer kinders dat God nie na die uiterlike kyk nie, maar na ons binnekant.

Teks: 1 Samuel 16: 1–13

Hulpmiddels:

- 'n Tas met klere volgens die beroepe wat jy by die “Welkom”-aktiwiteit gaan gebruik (of prente)
- Klere om vir Samuel aan te trek dat hy soos 'n ou profeet lyk
- Afdrukke van die “geheime skrif” boodskap
- Afdrukke van die skape op die heuwel
- Prent van 'n skaap en wol of watte



Welkom

Hoe lyk 'n rugbyspeler; ballerina; brandweerman; dokter; duiker; ens? Sit self enige ander herkenbare beroepe of sportsoort se klere in die tas. Met elke vraag moet 'n kind kom en die betrokke klere uit die tas haal en aantrek. Een van die stelle moet 'n redelike vuil en verwaarloosde stel klere wees wat uiteindelik gaan oorbly.

Dan vra die aanbieder: Hoe lyk 'n koning?

Die laaste kind moet kom en die laaste stel klere uit die tas haal en aantrek.

Aanbieder: Is dit hoe 'n koning lyk?

Vir ons is dit nie hoe 'n koning moet lyk nie. Ons sal hom graag 'n “make-over” wil gee, maar God kyk anders na ons. Kom ons kyk waarna Hy kyk wanneer Hy 'n koning vir sy volk kies. (Indien prente gebruik word, kan vuil klere vir die laaste persoon aangetrek word om die vuil klere te beklemtoon).



Wyding

Stilword-ritueel uit Psalm 23: Laat die kinders kruisbeen sit en hulle oë toemaak. Herhaal 3 keer. “Die Here is by ons.” Sê nou hardop: “Omdat die Here my Herder is, is ek nie bang nie. Hy lei my deur die donker tye en Hy versorg my.”



Woord

Dramatisering

Vandag gaan ons iemand laat kom wat daar was toe die koning aangewys is om vir ons die storie te vertel. (*Laat 'n ou “Samuel” wat êrens weggekruip het, uitkom en die verhaal vir die kinders vertel.*)

Kom ons gee vir Oupa Samuel kans om vir ons te vertel van Israel se volgende koning.

Verhaal:

Op 'n dag het die Here vir my gesê: “Gaan na die dorp Betlehem toe. Daar is 'n man met die naam Isai. Ek wil een van sy seuns koning van Israel maak.”

Ek het gedoen wat die Here gesê het ek moet doen. Toe ek vir Isai en sy seuns sien, sien ek vir Eliab, Isai se oudste seun. Ek dink toe by homself: “Dis die een wat die Here wil hê ek moet koning maak.” Maar die Here sê vir my: “Jy moenie net kyk of iemand mooi of lank is nie. Ek kyk nie na iemand soos mense na mekaar kyk nie. Mense kyk na hoe iemand lyk, maar Ek kyk na sy hart.” Isai se seuns het een vir een voor my kom staan: Eliab, Abinadab,

Samma, Netanel, Raddai en Osem. Elke keer het ek gedink dis dalk God se keuse, maar elke keer moes ek sê: “Nee, dit is nie vir hom wat die Here gekies het nie.”

Toe al Isai se seuns voor my verbygekom het, het ek vir Isai gevra: “Is dit al seuns wat jy het?” Isai antwoord toe: “Ek het nog een ander seun. Hy is die jongste van almal. Sy naam is Dawid. Maar hy pas nou skape op.” Toe sê ek: “Gaan roep hom!” Isai het sy bediende gestuur om vir Dawid te laat haal. Toe Dawid daar aankom, sê die Here vir my: “Dit is die een wat jy moet koning maak.” Ek gooi toe h bietjie olyfolie op Dawid se kop. Ek het dit gedoen as teken dat Dawid baie spesiaal is vir God en dat hy vir God moet dien. Van daardie dag was die Heilige Gees by Dawid.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder of daar iemand in die verhaal is met wie jy jousef kan vergelyk.
2. Ek wonder hoe het Dawid gevoel toe hy besef hy is as koning gekies tussen al sy broers.
3. Ek wonder of jy weet hoe spesiaal jy vir God is.



Werskaf

- *Juniors:* Help vir Dawid om die skape op elke heuwel te tel en skryf die getal in die boompie op die heuwel. Trek h sirkel om die een skapie op elke heuwel met h swart hoef.
- Neem h prent van h skaap en laat die kinders hulle eie skaap versier deur watte daarop te plak, of deur wol daarom te draai.
- *“Geheime skrif” boodskap:* Kinders moet die volgende geheime boodskap uitwerk om te sien wat God van Dawid sê in Handeling 13:22: “Ek het in Dawid, seun van Isai, h man na my hart gevind. Hy sal al my opdragte uitvoer.”

Sluit af met die seënbede

A	D	E	G	H	I	K	L	M	N	O	P	R	S	T	U	V	W	Y
16	14	25	17	7	4	10	11	6	3	22	2	19	8	15	1	12	18	13

_____ 13:22: “ _____ , _____

7 16 3 14 25 10 7 25 15 4 3 14 16 18 4 14 8 25 1 3 12 16 3

_____ , _____

4 8 16 4 3 6 16 3 3 16 6 13 7 16 19 15 17 25 12 4 3 14

_____ . “

7 13 8 16 11 16 11 6 13 22 2 14 19 16 17 15 25 1 4 15 12 22 25 19

1 2 3 4 5 6 7 8 9 10

